BYBELSTUDIE HEBREËRS 13:7-17

A. OPSOMMING.

Die lesers word opgeroep om aan die onwankelbare, onveranderlike in die lewe vas te hou. Dit is Christus. Twee sake word hier beklemtoon: ten eerste moet die genade van Christus gesoek word en nie die hou van rituele etes nie. Die priesters van die ou verbond werk nie met Christus se genade nie. Ten tweede moet onthou word dat die offer van Christus buite die heilige stad geskied het en dus weg van die seremoniële offers van die ou verbond. Buite die stad is die eenmalige offer van Christus gebring. Op grond hiervan moet die Christene wat aan hierdie eenmalige offer deel het, alleen lof aan God bring deur diens aan die naaste en onderdanigheid aan die voorgangers.

VERS 7-8.

Hierdie vers staan heeltemal los van die voorafgaande. Daar moet aan die 'voorgangers' gedink word. Wie was die voorgangers? Dit was hulle wat die Woord van God verkondig het [die OT sowel as die boodskap van Christus]. Die voorgangers was dus predikers. Die woord 'let op' beteken om iets van onder na bo te bekyk, m.a.w. baie goed van die begin af deur te kyk. Die lesers moet spesifiek kyk na die predikers se lewenswandel *tot die einde toe*, met ander woorde hoe hulle tot by die wenpaal volhard het. So moet hierdie mense se geloof nagevolg word. In hierdie vers is ook die gedagte van volharding opgesluit. Die lesers moet volhard in die geloof soos hulle voorgangers.

Vers 8 praat oor die onveranderlikheid van Christus. Dit is Jesus Christus in sy volle versoeningswerk wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is [vgl. Jes.41:4; 44:6 en Op.1:8].

Gister toe Hy op die paaie van Palestina geloop het, het Jesus God aan ons bekend kom maak.

Vandag sit Hy as ons verheerlikte Koning langs God op die troon. Hy beheer nie net die ontsaglike makrowêreld van die ruimtes nie. Hy beheer ook ons klein mikrowêreld. As Hoëpriester stel Hy ons saak dag vir dag voor God.

Môre sal Hy getrou vir ons by die wenpaal wag.

VERS 9-17.

In hierdie gedeelte kom, direk of indirek, ses soorte offers na vore:

i. *Eetgebruike* [v9] het te make met die vermyding van onreinheid, onder meer deur die eet van afgodsoffervleis. Die Jode, en ook sekere Joodse Christene, het ernstige besware gehad teen die eet van afgodsoffervleis [Rom.14]. om verontreiniging te voorkom het hulle allerlei maaltydreëlings gehad. Die gemeente word gewaarsku om hulle nie deur hierdie vreemde leringe op sleeptou te laat neem nie. Die ware voedsel is die genadebrood wat 'n mens op Golgota kry.

ii. Die tweede offer het te maak met die *offerdiens volgens die ou orde* [10]. Wie nog daaraan vashou, verbeur die reg aan die genade van die kruis.

iii. Die derde offer is die een wat op die Golgota-altaar gebring is. In vers 11-12 word 'n besondere parallel tussen die Goeie Vrydag-offer en die op die Groot

Versoendag getrek [vgl.9:7-8]. Soos die sondofferbul en die sondofferbok se bloed volgens Levitikus 16:27 gebruik moes word om versoening te doen in die aardse Allerheiligste, so bewerk Jesus se bloed vir ons versoening in die hemelse Allerheiligste. Soos hierdie offerdiere se liggame vanweë hulle onreinheid buitekant die laer verbrand is, so sterf Jesus soos 'n onreine buitekant die stadspoort. Om buite die stad uitgedryf te word en daar te sterf, was die lot van godslasteraars [Lev.24.14,23; 1Kon.21:13], sabbatskenders [Num.15:35-36] en egbrekers.

iv. Die vierde offer is die van vereenselwiging met Jesus. Hebreërs noem dit nie 'n offer nie, maar dit is tog een van die moeilikste offers om te bring. Die Christenlesers van Hebreërs word opgeroep om hulle met Jesus se *smaad* te identifiseer deur na Hom toe buitekant die laer te gaan [13].
Om vir Jesus Christus uit te kom was in die destydse wêreld inderdaad 'n offerdaad. Die Jode is op talle maniere deur Grieke en Romeine belaster. Die Christene is egter dubbel bespotlik gemaak. Jode sowel as Grieke en Romeine het met hulle die spot gedryf. Hierdie smaad omdat jy 'n Christen is het nog nooit opgehou nie. Vandag veral word Christene as't ware meer belaglik voorgehou deur die wêreld omdat ons nog aan God vashou. Die vraag aan alle Christene is of ons nog bereid is om die smaad van Christus op ons te neem.

v. Die vyfde offer is die van lof [15] wat Christene aan God bring. Hierdie lofprysing is 'n diep geestelike offer aan die Here. Dit word in ons teksvers gekoppel aan die *lippe* wat sy *Naam bely*. Waar Christene God in die openbaar aanroep, waar hulle hulle geloofsbelydenis in die kerk uitspreek, waar hulle die Here se Naam voor mense bely, word dit 'n lofoffer aan God.

vi. Die sesde offer is om goed te doen en mededeelsaam te wees [16]. Waar dit in die vorige offer gegaan het om die offer van ons lippe, gaan dit nou om ons *hande en voete*. Hierdie offer moet heel eerste ons *medegelowiges* bereik. Maar die wyer wêreld het ook die daadgetuies van Christene nodig [vgl. Gal.6:9-10]. Waarom moet ons dit doen? Omdat dit vir God *aanneemlik* is. Dit beteken dat hierdie soort offers God baie gelukkig maak.

Uit verse 7-16 is dit duidelik dat gelowiges mense van offer is. Hulle bring hulleself vir die Here. Vir baie gelowiges het die offergedagte aan God – die feit dat ek myself vir Hom moet gee – vreemd geword. Godsdiens beteken vir hulle dat God daar is vir ons. Intussen is ons as gelowiges daar om vir God te offer en Hom te dien.

VERS 17.

Hierdie vers sluit aan by vers 7. Hier gaan dit egter om die gemeente se huidige voorgangers. Die gemeente moet aan hulle gehoorsaam en onderdanig wees, want hulle het 'n groot verantwoordelikheid. In 4:13 is reeds gepraat van die rekenskap wat elkeen van ons aan God se moet gee. die voorgangers het egter 'n dubbele verantwoordelikheid: hulle moet vir hulleself en vir die gemeente rekenskap gee.

B. VRAE.

1. Wie is die voorgangers waarvan vers 7 en vers 17 praat?

2. Waarop moet die gemeente let wat die voorgangers betref? [vers 7,17].

3. Wat openbaar vers 8 ons aangaande Jesus Christus?

4. Lees verse 10-12.
   Die liggame van die offerdiere is buite die laer verbrand en Jesus het ook buitekant die stad gely. Watter betekenis lê hierin opgesluit?

5. Lees vers 15 en 16.
   Wie mooi lees sal twee soorte offers in hierdie verse opspoor wat 'n gelowige aan God moet bring. Noem en bespreek dit.

6. Lees vers 13.
   Gelowiges moes van die begin af baie spot en verdrukking verduur juis omdat hulle glo. En in die tyd waarin ons leef?

C.<u>ANTWOORDE</u>.

1. Dit was hulle wat die Woord van God verkondig het [die OT sowel as die boodskap van Christus]. Die voorgangers was dus predikers.
2. Die lesers moet spesifiek kyk na die predikers se lewenswandel *tot die einde toe*, met ander woorde hoe hulle tot by die wenpaal volhard het. So moet hierdie mense se geloof nagevolg word. In hierdie vers is ook die gedagte van volharding opgesluit. Die lesers moet volhard in die geloof soos hulle voorgangers.
   In vers 17 gaan dit egter om die gemeente se huidige voorgangers. Die gemeente moet aan hulle gehoorsaam en onderdanig wees, want hulle het 'n groot verantwoordelikheid.
3. Vers 8 praat oor die onveranderlikheid van Christus. Dit is Jesus Christus in sy volle versoeningswerk wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is [vgl. Jes.41:4; 44:6 en Op.1:8].
   Gister toe Hy op die paaie van Palestina geloop het, het Jesus God aan ons bekend kom maak.
   Vandag sit Hy as ons verheerlikte Koning langs God op die troon. Hy beheer nie net die ontsaglike makrowêreld van die ruimtes nie. Hy beheer ook ons klein mikrowêreld. As Hoëpriester stel Hy ons saak dag vir dag voor God.
   Môre sal Hy getrou vir ons by die wenpaal wag.
4. In vers 11-12 word 'n besondere parallel tussen die Goeie Vrydag-offer en die op die Groot Versoendag getrek [vgl.9:7-8]. Soos die sondofferbul en die sondofferbok se bloed volgens Levitikus 16:27 gebruik moes word om versoening te doen in die aardse Allerheiligste, so bewerk Jesus se bloed vir ons versoening in die hemelse Allerheiligste. Soos hierdie offerdiere se liggame vanweë hulle onreinheid buitekant die laer verbrand is, so sterf Jesus soos 'n onreine buitekant die stadspoort. Om buite die stad uitgedryf te word en daar te sterf, was die lot van godslasteraars [Lev.24.14,23; 1Kon.21:13], sabbatskenders [Num.15:35-36] en egbrekers.
5. Die offer in vers 15 is die van lof wat Christene aan God bring. Hierdie lofprysing is 'n diep geestelike offer aan die Here. Dit word in ons teksvers gekoppel aan die *lippe* wat sy *Naam bely*. Waar Christene God in die openbaar aanroep, waar hulle hulle geloofsbelydenis in die kerk uitspreek, waar hulle die Here se Naam voor mense bely, word dit 'n lofoffer aan God.
   Die offer in vers 16 is om goed te doen en mededeelsaam te wees . Waar dit in die vorige offer gegaan het om die offer van ons lippe, gaan dit nou om ons *hande en voete*. Hierdie offer moet heel eerste ons *medegelowiges* bereik. Maar die wyer wêreld het ook die daadgetuies van Christene nodig [vgl. Gal.6:9-10].
6. Eie antwoord.